basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DRAMATIESE KUNSTE

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	20ste-eeuse Europese Teaterbewegings	(30)
AFDELING B:	Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994	(40)
AFDELING C:	Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr	(40)
AFDELING D:	Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede	(40)

2. **AFDELING A**
VRAAG 1 is VERPLIGTEND.
Verwys na EEN van die toneeltekste hieronder wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Europese Teaterbeweging.

EPIESE TEATER

- *Caucasian Chalk Circle* Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* Adam Small

OF

TEATER VAN DIE ABSURDE

- *Waiting for Godot* Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* André P Brink
- *The Bald Primadonna* Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

OF

POSTMODERNE TEATER

- *Skrapnel* Willem Anker
- *Top Girls* Carol Churchill
- *Popcorn* Ben Elton
- *Buried Child* Sam Shepard

3. **AFDELING B**
Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 2:	*Woza Albert!*	Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3:	*Sophiatown*	Junction Avenue Theatre Company **OF**
VRAAG 4:	*Siener in die Suburbs*	PG du Plessis

4. **AFDELING C**
Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 5:	*Nothing but the Truth*	John Kani **OF**
VRAAG 6:	*Groundswell*	Ian Bruce **OF**
VRAAG 7:	*Mis*	Reza de Wet

5. **AFDELING D**
Hierdie afdeling is VERPLIGTEND. Beantwoord VRAAG 8.

AFDELING A: 20ste-EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

VRAAG 1

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

BRON A: PRENT WAT DIE MAG VAN DIE TEATER SIMBOLISEER



[Bron: Eksaminators]

Bespreek, in 'n opstel, hoe die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy hierdie jaar bestudeer het, jou gehelp het om te groei deur jou idees oor die lewe uit te daag.

Verwys na BRON A en sluit die volgende aspekte van die toneelstuk in:

- Karakters
- Temas en boodskappe
- Opvoering/Verhoogplasing

Skryf die titel van die toneelteks en die 20ste-eeuse Beweging (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) wat jy bestudeer het, aan die begin van jou opstel neer.

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling (VRAAG 2 OF 3 OF 4).

VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON B: 'N RESENSIE VAN *WOZA ALBERT!*

Woza Albert! is 'n Suid-Afrikaanse Protesteater-toneelstuk. Gedurende die apartheidsera het Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon die werkswinkelproses vir hierdie toneelstuk gebruik.

Die toneelstuk stel voor (visualiseer) wat sou gebeur as Morena na apartheid-Suid-Afrika sou terugkeer. Deur fisiese en vokale karakterisering speel twee akteurs verskeie rolle wat gewone Suid-Afrikaners, regeringsamptenare en vryheidstrydhelde (aktiviste) uitbeeld. Aangesien Morena hoop vir die onderdruktes bring, beskou die apartheidsregering hom as 'n bedreiging. Hy word gearresteer, in die tronk gegooi en doodgemaak (net soos baie werklike vryheidsvegters) en staan uit die dood op. Dit is om die helde van die vryheidstryd op te hef.

Die toneelstuk gebruik humor en satire om die wreedheid van apartheid te toon en om die uithouvermoë (krag) van die mense te vier. Dit is steeds een van Suid-Afrika se belangrikste toneelstukke.

[Bron: Eksaminators]

2.1 Stel voor hoekom Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon *Woza Albert!* as die titel van die toneelstuk gekies het. (2)

2.2 Verduidelik die stappe/fases wat Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon gedurende die werkswinkelproses van die toneelstuk *Woza Albert!* gebruik het. (6)

2.3 Beskryf hoe 'fisiese' en/of 'vokale karakterisering' (reël 5) gebruik word om EEN 'gewone Suid-Afrikaner'-karakter in die toneelstuk uit te beeld. (4)

2.4 Motiveer hoekom die stelling, 'wat sou gebeur as Morena na apartheid-Suid-Afrika sou terugkeer' (reëls 4–5), 'n goeie idee vir 'n Protesteater-toneelstuk is. (4)

2.5 Kies EEN toneel in *Woza Albert!* wat gebruik maak van 'humor en satire om die wreedheid van apartheid te toon' (reël 11).

2.5.1 Som die dramatiese aksie (handeling) in hierdie toneel op. (4)

2.5.2 Identifiseer hoe humor in hierdie toneel geskep word. (4)

2.5.3 Analiseer hoe die wreedheid van apartheid in hierdie toneel getoon word. (6)

2.6 Evalueer hoe *Woza Albert!* 'die uithouvermoë (krag) van die mense (te) vier' en dit 'steeds een van Suid-Afrika se belangrikste toneelstukke' is (reëls 12–13). (10)
[40]

VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON C: 'N RESENSIE VAN *SOPHIATOWN*

Sophiatown is 'n Suid-Afrikaanse Protesteater-toneelstuk. Die Junction Avenue Theatre Company het die werkswinkelproses vir hierdie toneelstuk gebruik. Dit speel in die 1950's af in die lewendige, multikulturele gemeenskap van Sophiatown voordat dit deur die apartheidsregering vernietig is.

Die storie volg inwoners van Mamariti se Diamond Sjebeen: Jakes, 'n skrywer, Mingus, 'n bendelid met groot drome, Charlie, sy handlanger, Princess, 'n aspirant-model, Lulu, 'n skoolmeisie en Fahfee, 'n straatwyse dobbelaar. Hulle lewens verander wanneer Ruth, 'n jong Joodse vrou, opdaag om by hulle te bly. Dit daag die manier waarop hulle met mekaar omgaan, uit.

Soos wat die apartheidsregering hulle greep versterk, word hulle hoop en vryheid vernietig wanneer die regering die inwoners gewelddadig verwyder en Sophiatown verwoes. In die finale toneel van die toneelstuk staan die karakters op die verhoog in hulle eie kolligte geïsoleer. Elkeen het sy eie finale monoloog. Dit word nog meer roerend gemaak deur hulle kolligte wat na donkerte verdoof nadat elke karakter gepraat het.

Die toneelstuk meng humor, musiek en pynlike oomblikke om die wrede werklikhede van apartheid te ontbloot. *Sophiatown* is 'n uitstekende voorbeeld van 'n toneelstuk wat ons politieke geskiedenis dokumenteer.

[Bron: Eksaminators]

3.1 Stel voor hoekom die Junction Avenue Theatre Company *Sophiatown* as die titel van die toneelstuk gekies het. (2)

3.2 Verduidelik die stappe/fases wat die Junction Avenue Theatre Company in die werkswinkelproses van die toneelstuk *Sophiatown* gebruik het (reëls 1–2). (6)

3.3 Motiveer gepaste kostuums vir DRIE van die karakters genoem in reëls 5–8, deur na die toneelstuk as 'n geheel te verwys. (6)

3.4 Bespreek hoe die lewens van die inwoners van Mamariti se Diamond Sjebeen 'verander wanneer Ruth, 'n jong Joodse vrou, opdaag om by hulle te bly' (reëls 7–9). (4)

3.5 Die finale toneel in *Sophiatown* wys hoe 'hulle hoop en vryheid vernietig' word 'wanneer die regering die inwoners gewelddadig verwyder en Sophiatown verwoes' (reëls 10–12).

3.5.1 Som die dramatiese aksie (handeling) van die finale toneel van die toneelstuk op. (4)

3.5.2 Analiseer hoe beligting en/of klank die dramatiese effek van die finale toneel van die toneelstuk versterk. (4)

3.5.3 Beskryf hoe die lewens van TWEE inwoners van Mamariti se Diamond Sjebeen ná die gedwonge verskuiwings verander het. (4)

3.6 Evalueer hoe die toneelstuk 'humor, musiek en pynlike oomblikke' meng 'om die wrede werklikhede van apartheid te ontbloot' om dit sodoende 'n 'uitstekende voorbeeld van 'n toneelstuk wat ons politieke geskiedenis dokumenteer', te maak (reëls 15–17). (10)

[40]

VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON D: 'N RESENSIE UIT *SIENER IN DIE SUBURBS*

Siener in die Suburbs is 'n belangrike Afrikaanse drama wat deur PG du Plessis geskryf is. Die verhaal, wat in 'n werkersklas-voorstad afspeel, draai om Tjokkie. Hy is 'n jong man met 'n vermoë om in die toekoms te kan sien, maar hy twyfel dikwels aan sy eie gawe. Sy ma, Ma, probeer om haar gesin bymekaar te hou in 'n omgewing van armoede, verslawing en mishandeling. Tjokkie se suster, Tiemie, droom daarvan om uit hierdie omstandighede te ontsnap om 'n beter toekoms te vind.

Tjokkie se visioene ontbloot waarhede oor die mense om hom, veral oor Jakes se ware bedoelings en Tiemie se toekoms. Ten spyte van sy waarskuwings is die karakters nie in staat nie, of onwillig, om hulle paaie te verander, wat tragiese gevolge het.

Die toneelstuk verken hoe mense hoop en droom oor 'n beter lewe. Die toneelstuk se temas verskaf 'n kragtige insig oor die Suid-Afrikaanse lewe toe en nou, wat *Siener in die Suburbs* een van Suid-Afrika se belangrikste toneelstukke maak.

[Bron: Eksaminators]

4.1 Stel voor hoekom die titel van die toneelstuk gepas is (reël 1). (4)

4.2 Motiveer gepaste kostuums vir Jakes en Tiemie deur na die toneelteks as 'n geheel te verwys. (4)

4.3 Bespreek TWEE voorspellings oor die toekoms wat ander karakters by Tjokkie wou weet. (4)

4.4 Analiseer hoe Tjokkie se vermoë om 'in die toekoms te kan sien' (reël 3) die storielyn van die toneelstuk affekteer. (6)

4.5 'Ten spyte van sy waarskuwings is die karakters nie in staat nie, of onwillig, om hulle paaie te verander, wat tragiese gevolge het' (reëls 8–9).

4.5.1 Beskryf die verhouding tussen Tiemie en Jakes. (2)

4.5.2 Verduidelik hoe hierdie verhouding na die 'tragiese gevolge' (reël 9) lei. (4)

4.6 Analiseer die effek wat die finale tragiese toneel van die toneelstuk moontlik op die gehoor kan hê. Verwys na die volgende:

- 'n Beskrywing van die finale toneel
- Die impak van die finale toneel op die gehoor (6)

4.7 Evalueer hoe die toneelstuk se temas 'n 'kragtige insig oor die Suid-Afrikaanse lewe toe en nou' verskaf (reël 11). Verwys na voorbeelde in die toneelstuk. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling (VRAAG 5 OF 6 OF 7).

VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E EN F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON E: KOMMENTAAR OP KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE TEATER



Kontemporêre Suid-Afrikaanse teater beïnvloed die lewe selfs ná apartheid. Dit ontwikkel die land deur stem en uitdrukking te gee aan 'n nuwe stryd. Dit onthou die verlede en visualiseer (verbeel) 'n beter toekoms vir almal deur baie verskillende uitvoeringstyle en genres.

[Bron: Eksaminators]

5.1 Identifiseer die genre van *Nothing but the Truth*. (2)

5.2 Verduidelik die 'stryd' wat ELKE karakter in die toneelstuk ervaar. (6)

5.3 Verskaf redes waarom die toneelstuk 'n stem en uitdrukking aan gewone Suid-Afrikaners gee. (4)

5.4 Analiseer Sipho se herinneringe aan die verlede en hoe hy 'n beter toekoms vir homself visualiseer (verbeel). (6)

5.5 Bespreek hoe jou lewe deur die idee van vryheid in *Nothing but the Truth* beïnvloed is deur na die toneelstuk te verwys. (2)

EN

BRON F: TEATER OP WIELE



[Aangepas uit http://www.sowetotheatre.co.za]

5.6 Jy het 'n vragmotor gekry wat aan die een kant kan oopmaak om 'n verhoog vir *Nothing but the Truth* te skep. Op hierdie manier kan jy oral deur die land reis en almal in Suid-Afrika 'n geleentheid gee om na die toneelstuk te kyk.

5.6.1 Stel voor hoe jy *Nothing but the Truth* op die verhoog van die vragmotor kan opvoer om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep. (6)

5.6.2 Identifiseer TWEE uitdagings wat akteurs kan ondervind wanneer hulle op hierdie verhoog optree. (2)

5.6.3 Skep 'n slagspreuk wat aan die kant van die vragmotor geplaas kan word om jou produksie effektief te adverteer. (2)

5.6.4 Ondersoek die temas van *Nothing but the Truth* om te evalueer hoekom jy almal in Suid-Afrika die geleentheid wil gee om na 'n lewendige opvoering van die toneelstuk te kyk. (10)
[40]

VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Bestudeer BRON G EN H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON G: KOMMENTAAR OP KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE TEATER



Kontemporêre Suid-Afrikaanse teater beïnvloed die lewe selfs ná apartheid. Dit ontwikkel die land deur stem en uitdrukking te gee aan 'n nuwe stryd. Dit onthou die verlede en visualiseer (verbeel) 'n beter toekoms vir almal deur baie verskillende uitvoeringstyle en genres.

[Bron: Eksaminators]

6.1 Identifiseer die genre van *Groundswell*. (2)

6.2 Verduidelik die 'stryd' wat ELKE karakter in die toneelstuk ervaar. (6)

6.3 Verskaf redes waarom die toneelstuk 'n stem en uitdrukking aan gewone Suid-Afrikaners gee. (4)

6.4 Analiseer Johan se herinneringe aan die verlede en hoe hy 'n beter toekoms vir homself visualiseer (verbeel). (6)

6.5 Bespreek hoe jou lewe deur die idee van vryheid in *Groundswell* beïnvloed is deur na voorbeelde in die toneelstuk te verwys. (2)

EN

BRON H: TEATER OP WIELE



[Aangepas uit http://www.sowetotheatre.co.za]

6.6 Jy het 'n vragmotor gekry wat aan die een kant kan oopmaak om 'n verhoog vir *Groundswell* te skep. Op hierdie manier kan jy oral deur die land reis en almal in Suid-Afrika 'n geleentheid gee om na die toneelstuk te kyk.

6.6.1 Stel voor hoe jy *Groundswell* op die verhoog van die vragmotor kan opvoer om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep. (6)

6.6.2 Identifiseer TWEE uitdagings wat akteurs kan ondervind wanneer hulle op hierdie verhoog optree. (2)

6.6.3 Skep 'n slagspreuk wat aan die kant van die vragmotor geplaas kan word om jou produksie effektief te adverteer. (2)

6.6.4 Ondersoek die temas van *Groundswell* om te evalueer hoekom jy almal in Suid-Afrika die geleentheid wil gee om na 'n lewendige opvoering van die toneelstuk te kyk. (10)
[40]

VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET

Bestudeer BRON I EN J hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON I: KOMMENTAAR OP KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE TEATER



Kontemporêre Suid-Afrikaanse teater beïnvloed die lewe selfs ná apartheid. Dit ontwikkel die land deur stem en uitdrukking te gee aan 'n nuwe stryd. Dit onthou die verlede en visualiseer (verbeel) 'n beter toekoms vir almal deur baie verskillende uitvoeringstyle en genres.

[Bron: Eksaminators]

7.1 Identifiseer die genre van *Mis*. (2)

7.2 Verduidelik die 'stryd' wat ELKE vroulike karakter in die toneelstuk ervaar. (6)

7.3 Verskaf redes waarom die toneelstuk 'n stem en uitdrukking aan gewone Suid-Afrikaners gee. (4)

7.4 Analiseer Meisie se herinneringe aan die verlede en hoe sy 'n beter toekoms vir haarself visualiseer (verbeel). (4)

7.5 Bespreek hoe jou lewe deur die idee van vryheid in *Mis* beïnvloed is deur na voorbeelde in die toneelstuk te verwys. (4)

EN

BRON J: TEATER OP WIELE



[Aangepas uit http://www.sowetotheatre.co.za]

7.6 Jy het 'n vragmotor gekry wat aan die een kant kan oopmaak om 'n verhoog vir *Mis* te skep. Op hierdie manier kan jy oral deur die land reis en almal in Suid-Afrika 'n geleentheid gee om na die toneelstuk te kyk.

7.6.1 Stel voor hoe jy *Mis* op die verhoog van die vragmotor kan opvoer om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep. (6)

7.6.2 Identifiseer TWEE uitdagings wat akteurs kan ondervind wanneer hulle op hierdie verhoog optree. (2)

7.6.3 Skep 'n slagspreuk wat aan die kant van die vragmotor geplaas kan word om jou produksie effektief te adverteer. (2)

7.6.4 Ondersoek die temas van *Mis* om te evalueer hoekom jy almal in Suid-Afrika die geleentheid wil gee om na 'n lewendige opvoering van die toneelstuk te kyk. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

VRAAG 8 (VERPLIGTEND)

Bestudeer BRON K hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON K: PRENT OM OPVOEDKUNDIGE TEATER TE INSPIREER



[Bron: DBE-prent]

Skep 'n Opvoedkundige Teater-toneelstuk vir graad 8- en 9-leerders. Gebruik jou kennis van Arm/Gestroopte Teater en jou praktiese werk. Gebruik BRON K as inspirasie vir jou toneelstuk.

8.1 Skryf aantekeninge oor Arm/Gestroopte Teater.

In jou antwoord, verwys na:

- Toneelspelstyl
- Verhoogtegnieke
- Akteur-gehoorverhouding (10)

8.2 Motiveer 'n gepaste titel vir jou Opvoedkundige Teater-toneelstuk. (4)

8.3 Som die intrige/storielyn van die toneelstuk op. (4)

8.4 Stel voor watter lesse jou toneelstuk moontlik vir graad 8- en 9-leerders kan leer. (4)

8.5 Beskryf EEN rekwisiet wat jy kan gebruik om jou toneelstuk op te voer. (2)

8.6 Bespreek EEN voordeel en EEN nadeel van gehoordeelname aan jou toneelstuk. (4)

8.7 Verduidelik die opvoervaardighede wat jy as 'n akteur vir 'n Opvoedkundige Teater-toneelstuk mag nodig hê. (6)

8.8 Besin (Dink na) oor hoe die ervaring van jou praktiese werk jou kan help om jou toneelstuk te skep en op te voer. (6)

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou